

Hoofstuk van die dag: Hebreërs 9

> *Christus het [..] in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn. (Heb 9:24)*

Toe Jesus die hemel ingegaan het, was dit sy troonsbestyging. Hy het sy regmatige plek aan die regterhand van die Vader

ingeneem, in die posisie van mag, om oor sy kerk, oor jou en my, te regeer. Hy is immers ons koning, en dís wat Hy nou doen: Hy regeer, Hy beskerm, Hy waak oor sy kerk (Ef 1:20-23).
Maar Jesus is nie net aan die Vader se regterhand om te regeer nie. Hy is ook daar ter wille van ons, om vir ons in te tree en te pleit (vers 24; vgl Rom 8:34). Want Hy weet wat dit is om mens te wees, om emosies te hê, om versoekings te moet deurstaan; Hy is immers nie net Seun van God nie, maar ook Jesus, die mens, gebore uit ’n vrou. En daarom kan Hy as ons oudste Broer vir ons met begrip en deernis pleit en intree, daar aan die regterhand van die Vader.
Ons het ’n Broer in die hemel! Jesus is daar; ’n ware mens wat namens ons en ter wille van ons voor die Vader verskyn. Dit is die evangelie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026